

Kleur jou wêreld in

Die lente is net die tyd om jou huis te verfraai. Raak kreatief met verf en gee 'n paar vertrekke 'n vars nuwe voorkoms

'N EENVOUDIGE laag verf of strategiese afrondingswerk plek-plek kan 'n groot verskil binne en buite jou huis maak sonder dat dit jou 'n fortuin hoef te kos. Beproof gerus hierdie twee gewilde kreatiewe verftegnieke:

SPONSVERF

Verf die muur of oppervlak met 'n neutrale grondlaag en laat dit heeltemal droog word.

Kies dan 'n komplementerende kleur effens ligter of donkerder as jou grondlaag. Onthou, hoe meer die kleur van die oorspronklike muurkleur verskil, hoe minder natuurlik sal die sponsverftegniek lyk.

Wend die tweede laag verf met die spons aan. Smeer dit dik of liggies aan, na gelang van die voorkoms wat jy verkies.

Dit is die veiligste om die verf eers liggies aan te tik en dan groter druk uit te oefen tot jy die tekstuur kry wat jy wil verlang.

KLEURWAS

Wend 'n grondlaag aan en laat dit droog word. Kies 'n komplementerende kleur, effens ligter of donkerder as jou basislaag, en verdun dit met 'n bietjie water.

Verf lukraak kruis en dwars hale met 'n groot kwas. Dit sal dieselfde gevoel skep as die sponsverftegniek, maar die effek is ietwat dramatieser, want dit smelt nie so egalig met die grondkleur saam nie.

KIES DIE REGTE VERF

- Sponsverf en kleurwas werk albei goed met verf met 'n **waterbasis**. Dit word vinniger droog en as jy verf gemors het, is dit makliker om dit agterna skoon te maak.
- Gebruik **Super Acrylic PVA** vir binne- en buitemure en plafonne vir 'n gladde, mat afwerking. Dis in verskillende kleure te kry.
- Kies **Interior Velvet Sheen-verwe** vir 'n gladde binneafwerking in die slaapkamer, gang, sit- en eetkamer.
- **Eggshell Enamel** het 'n duursame halfglans-afwerking en is ideaal vir kombuis- en badkamer-mure.
- **High Gloss Enamel** is 'n duursame verf vir binne en buite met 'n glansafwerking. Verf staaldeure of venster-



GALLO IMAGES/GETTY IMAGES



Super Acrylic PVA-verwe



Onderlaag vir algemene gebruik



Interior Velvet Sheen-verf



High Gloss Enamel-verwe

- rame daarmee as jy hulle wil "versteek".
- Aardse kleure skep 'n warm, hartlike gevoel. Dink aan ligte skakerings van bruin, roomkleure, liggele en selfs party skakerings van terracotta.
- Sou jy op soek wees na 'n unieke kleur, kan jy een van ons **tinte** aanskaf.

Gaan na jou naaste Cashbuild-winkel of bel Cashbuild by 0861-CASHBUILD (227-428-453) vir nog inligting oor

hoëgehalteverwe. Cashbuild-winkels is gerieflik oral oor Suider-Afrika geleë en vriendelike konsultante is altyd byderhand met nuttige raad. ■

Cashbuild
Sakpas en gemaklik